

Die Pad van Waarheid tot die Lewe BybelVertalingsProjek

Bespreking van die wet

6

Verandering in die praktiese Wet

**Is dit moontlik dat die wet kan verander – dit is dan ewig?
Die beginsel en wese van die wet kan nie verander nie en moet gedoen word.
Alles, vir altyd !**

Verandering in omgewing en omstandighede bring egter 'n aanpassing in die praktyk van die toepassing en uitvoering van die wet. Bv. Voor Yeshua was dit gerig rondom die tempel - tog heenwysend geestelik en dus steeds goed; na Yeshua het die klem geskuif na die geestelike verstaan, volheid in Hom en doen in hierdie geestelike begrip.

Nou is ons liggaam die tempel en al die praktiese wette daarvan word in my volvoer en voltooi.

Net soos Yeshua die offers is, wat in my gestalte kry, so ook baie ander.

1 Kor 6:19

Of weet julle nie dat julle liggaam 'n tempel van die Gees van Afsondering is, wat in julle bly, wat julle van God gekry het, nie? Julle behoort nie aan julleself nie, 20 want julle is gekoop vir 'n prys. Bring daarom eer, lof en aanbidding aan God in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort.

Nou is die vraag - watter deel van die wette is net so geldig, of word anders toegepas, of is daar verandering.

In al hierdie gevalle is die Nuwe Verbond ons riglyn. As dit nie in die NV verander word nie - dan is dit NET SO, geldig.

Die 10 instruksies / gebooie / opdragte / wette wat Yah met Sy eie hand ingeskryf het op die kliptafels. Elkeen sal met my saamstem - hulle is net so geldig. Regtig? Gaan deur elkeen, maak seker jy verstaan wat dit beteken en antwoord die vraag dan weer.

Nou is die vraag - Is ek gehoorsaam aan die nakoming van elkeen van hierdie opdragte, instruksies?

Die Bybel gee vir ons 'n ander duidelike voorbeeld van 'n wet – of groep wette - wat verander:

Hebr 7:12-14

"Net soos daar 'n verandering in die priesterskap gekom het, net so was daar 'n verandering in die wet, 13 want Hy van Wie hierdie dinge gesê word, behoort aan 'n ander stam, waaruit niemand nog ooit by die altaar bedien het nie, 14 want dit is bekend dat ons Meester vanuit Y'udah opgegroeï het; 'n stam waarvan Moshe niks aangaande die priesterskap gesê het nie."

Die wet bepaal:

Slegs priesters van die stam van Levi mag die offers bring.

Slegs die hoofpriester mag die offer as reg verklaar.

Yeshua moes egter ‘n offer bring om vir sonde te betaal

**Die wet kan nie wegval nie, maar daar is voorsiening gemaak hiervoor van lank
voor Moshe af.**

**Malki-Tzedek was koning van Salem = Yerushalayim en priester van die
Allerhoogste.**

Gen 14:18 – Heb 7:1

Dit is lank voor Levi of die instelling van die Levietiese priesterdom.

Hebr 7:21

want hulle was priesters sonder ‘n eed, maar Hy met ‘n eed soos Hy, deur Dawid,
aan Hom gesê het: “ □□□□ het ‘n eed gesweer en Hy sal nie lieg nie: U is
nie-Levietiese Priester vir ewig volgens die beeld van Malki-Tzedek,”
22 waarvolgens Yeshua van ‘n baie beter verbond die waarborg is.

Interessante ontdekking uit die oorspronklike Aramees.

2 dosyn keer in Hebreërs asook in die Tanakh word ‘n ander woord gebruik vir “Priester.”

Dit word slegs by Yetro – Moshe se skoonpa = Midianietiese priester van die ware God en Malki-Tzedek Priester van die Allerhoogste gebruik en slegs van Yeshua in NV.

Almal, nie-Levietiese priesters.

Kohen = Priester

Yeshua word nie kohen genoem nie, maar kumrea.

Ps 110: Yeshua priester net soos Malki-Tzedek.

In Aramees word Yeshua korrek as priester, wat nie vanuit Levi is nie, aangedui, maar volgens voor Moshe se beginsels.

Hebr 3:1 Daarom, my afgesonderde broers, wat geroep is met ‘n hemelse roeping, dink hieraan: die Afgevaardigde en nie-Levietiese Hoofpriester, wat ons erken en bely: Yeshua, Die Gesalfde Een;

Nou is Yeshua ons Hoofpriester.

Hy kan offer en die verlossing bring.

Hy het aan elke vereiste voldoen.

So kon die sondofferwet in Yeshua volheid bereik deur Sy offer en is dit nie meer fisies nodig nie. Die wet van priester word saam met die offerwet steeds, maar in Yeshua, gedoen.

**Die tweede probleem wat ons genoem het:
Net die hoofpriester mag die offer as volledig en afgehandeld verklaar.**

“Nigmar” “Mishlim”

Hoe word die hoofpriester aangestel?

Die offer gekies?

**Yeshua was Hoofpriester, wat Homself, die goedgekeurde offer, kon bring.
Die volgende waarna ons wil kyk is die besnydenis.**

Weereens – die ganse skrif is ons standaard en ons kan nie net op een deel konsentreer nie – dan maak ons foute.

Yeshua het die Besnydenis van die Vlees tot sy oorspronklike Gees-betekenis herstel.

Ons kan dit nie net sê nie – ons moet dit in die Nuwe Verbond kan bewys met die betekenis daarvan.

Lev. 12:3

"Op die agtste dag moet die vlees van sy voorvel besny word."

**Toe Yeshua die Ou Verbond tot volheid gebring het, is die vereiste vir besnyding van die vlees vervang deur geestelike besnyding van die hart.
Die fisiese volk Yisra'el se teken van behoort aan Yah was / is die fisiese besnydenis.**

**Die geestelike Yisra'el – binne of buite die fisiese Yisra'el het dan mos 'n geestelike teken. Besnydenis van die hart = verstand, wil en emosie.
= Geboorte van bo = wedergeboorte van Gees.
Sha'ul maak dit baie duidelik:**

Rom. 2:28-29

“28 Hy is nie 'n Jood wat dit in die uiterlike is nie en dít is nie besnydenis wat in die vlees gesien word nie. 29 Inteendeel, hy is 'n Jood wat dit in die binneste is en besnydenis is dié van die verstand, wil, emosie en die gees, nie volgens die geskryfte nie sodat sy eer en lof nie van mense is nie, maar van God.”

Nou is

Lev. 12:3

"Op die agtste dag moet die vlees van sy voorvel besny word."

TEENOOR

Kol 2:11-14

"In Hom is julle besny met 'n besnydenis wat nie met hande gedoen word nie, deur die liggaam van die sondige natuur af te lê deur die besnydenis van Die Gesalfde Een." 12 Julle is in die doop saam met Hom begrawe en in dit is julle ook saam opgewek, omdat julle vertrou het in die krag van God wat Hom uit die dood uit opgewek het. 13 Hy het vir julle, wat dood was deur julle sonde en die onbesnedenheid van julle menslike natuur, lewe gegee saam met Hom en ons al ons sondes vergewe 14 en Hy het die geskrewe aanklag teen ons, wat vir ons nadelig was, deur Sy outoriteit, uitgegee en uit ons midde weggevat en dit aan Sy kruis vasgeslaan.

Daarom

1 Kor 7:18

"Was iemand besny toe hy geroep is, moet hy nie terugkeer na onbesnedenheid nie. Was iemand onbesny toe hy geroep is, moet hy hom nie laat besny nie."

MET DIE GEVOLG

Gal 5:2-4 "Let op! Ek, Sha'ul, sê vir julle dat as julle jul laat besny, Die Gesalfde Een vir julle geen voordeel inhou nie 3 en ek getuig dit weer aan elke mens wat besny is, dat hy verskuldig is om die hele geskrewe wet na te kom. 4 As jy onskuldig verklaar wil word deur die wet, is jy afgesny van Die Gesalfde Een. Julle het weggeval van die onverdiende guns af,

Galatians 2:3

maar ook Titos, wat by my was, is nie gedwing om besny te word nie, alhoewel hy 'n Arameër is

Rom 3:31 29 "Of is God net God van die Jode en nie ook van die ander nasies nie? Ja, ook van die ander nasies, 30 want daar is net een God, wat die besnedenes deur vertrouwe en die onbesnedenes deur vertrouwe onskuldig verklaar. 31 Verwyder ons daardeur die geskrewe wet deur vertrouwe? 'n Verwerplike gedagte! Inteendeel, ons bevestig die wet."

Die geskrewe wet het nie verander nie - MAAR - die wet het verander in toepassing en praktyk.

Ek wil na 'n ander wet verwys wat geen verandering in die skrif het nie. Volgens argeologiese en geskiedkundige getuienis is dit steeds tydens en na Yeshua uitgevoer.

Num 15:37

יהוה het met Moshe gepraat en gesê:

38 “Praat met die seuns van Yisra’el en sê vir hulle, hulle moet vir hulle tossels maak aan die some van hul bo-klere, deur al hulle geslagte heen en hulle moet aan die tossel van elke soom ‘n lint van blou stof vasbind. 39 Die tossels sal wees sodat julle daarna kan kyk en al die opdragte van יהוה onthou en dit doen en nie agter dit aangaan waarna julle hart en jul oë aan hoereer nie 40 sodat julle kan onthou om al My opdragte te doen en vir julle God afgesonder te wees. 41 Ek is יהוה julle God wat julle uit Egipte uitgebring het om vir julle ‘n God te wees. Ek is יהוה julle God.”

Deut 22:12; Matt 23:5